Die twee WESENS

G. J. Du Preez 072 1876 076

Ons begin by VADER as WESE:

Niemand het HOM ooit in vlees gesien of in werke gesien nie, behalwe SY Seun wat HOM verklaar en openbaar "Aan wie Hy wil". *Jes. 64:4 Van ouds af tog het niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het ~~'n God~~ VADER gesien wat werksaam is vir wie op Hom wag nie, behalwe U. Matt. 23:9 En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle VADER, Hy wat in die hemele is. Joh. 1:18 Niemand het ooit ~~God~~ VADER gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die VADER is, dié het Hom verklaar. Joh. 6:46 Nie dat iemand die VADER gesien het nie, behalwe Hy wat van ~~God~~ VADER kom: Hy het die VADER gesien. Joh. 8:19 Hulle sê toe vir Hom: Waar is U VADER? ~~J*sus~~ YAHUSHA antwoord: Julle ken My nie en ook nie My VADER nie; as julle My geken het, sou julle ook My VADER geken het. Open. 19:12 En Sy oë was soos 'n vuurvlam, en op Sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.*

Hier is 'n klompie verse tot bevestiging:

Spr. 30:4; Dan. 7:9,10,22; Ps.27:8; 2 Kor 7:14; Hos 5:15; Ps.22:12-23; Jes.50:4-10; 53:1 -9; Dan.7:9 -27; Mal. 1:6; Jer. 10:12; Matt. 3:17; 4:3,4; 6:33; 7:14, 22,23; 8:30,31; 9:37; 10:8; 11:27; 16:16; 17:2,15; 16 20:16; 19:17;22:14; 26:63; Mark. 1:1; 5:4; 12:24; 13:32; Luk. 1:31,32; 2:7-16,40,52; 13:23,24; Joh. 5:30,37,38; 7:28; 8:42,54,55; 14:7,28; 15:21; 16:3; 17:3,25; 18:11; Joh.1:2,18; 7:18; 8:28; 10:16,30; 11:52; 13:19; 14:3; 15:16; 17:5,11,23,24; 18:10,24; 20:31; 1 Pet. 1:3; 1 Joh. 1:3; 2:1,23; 4:9,10; 5:1; 2 Joh. 1:3; 1Pet.1:3,21; Hand. 2:36; 7:55; Hand. 8:37; 1Pet. 1:21; Jak. 1:1; 2 Pet. 1:17; Open. 1:1; 2:18; 3:5; 9:11; 12:17; 22:4.

VADER Uitwysing in die Skrif:

1) Niemand het die VADER gesien nie. Joh.1:18; 1Joh.4:12
2) VADER genereer vir HOM 'n Seun: Jes.43:10,11; Matt.3:17; 8:29; 12:50; 22:41 – 46; Mark.1:1; 14:61,62; Luk.1:32; 4:41; 22:29; Joh. 5;18; 10:36; 20:31; Hand.3:13; 2:36; 1 Joh.4:15; 5:20; 4:14,15; 2 Joh. 3
3) VADER getuig dat Hy 'n Seun het. Joh. 5:30,31,37
4) VADER is die Hoof van die Seun? Joh.5:30; 8:42,54; 18:11; 14:28; Luk.1:31,32
5) VADER leer die Seun: Matt.24:36; Mark. 13:32; Joh.8:28,40; 14: 31; Hand. 1:7,8
6) VADER het SY Seun gegee Joh. 3:16; 7:16; 10:22-36
7) Dat daar gebid moet word tot VADER in die hemele Matt. 6:9

Die Seun "YAHUSHA" uitwysing:

1) Die Seun as eerste skepping deur VADER berei Spr.8:22; Open.3:14 Seun van VADER. Luk.1:32; 2:49; 23:41,46,47; Joh. 6:68,69; Hand. 8: 37
2) Die Seun aanbid die VADER. Matt. 26:39
3) Die Seun verskyn voor VADER Dan.7:13
4) Die Seun is die Lam: Ex.32:32,33; Open.13:8; 15: 1 – 19; 17:14; 21:27
5) Die Seun is gesalf deur VADER: Ps.45:8; Jes.8:13,14; 45:23; Hos.2:19; Joh. 1:42; Mark. 8:29; Luk.2:11; Hand.10:38; 1 Pet. 1:10,11; 1Joh.5:1;
6) Die Seun word gestuur weg van VADER: Joh. 5:24,30,37; 6:44,57; 7:16-18,29; 8:16,18,29; 12:49; 14:18,24; 20:21; 1 Joh. 4:14
7) Die Seun is die enigste Een oor ons Jes.45:5
8) Die Seun weet nie wat VADER weet nie. Matt. 24:36; 26:39; 27: 46
9) Die Seun weet nie al VADER se planne nie. Mark. 13:32; 14:36

Die twee "WESENS" uit die Skrif:

1) VADER het afsonderlik met SY Seun gepraat: Matt.3:17; 17:5; Joh.12:50; Matt 27: 46; Luk. 22:41,42; Joh.11:22
2) Die Seun ontvang by VADER: Joh. 5:36; 6:37; 16:15; Dan 7:13.
3) VADER praat met die Seun uit die hemele: Matt. 3:17; 5:16,45,48; 6:1,9;17:5; Mark. 9:7; Luk. 3:22; Joh.12:27-30; 14:16; 17:1,5,24
4) Die Seun wys uit dat VADER 'n volgende WESE is. Matt.10:29; 10:29, 32,33; Mark. 10:18; 12:17,28-30; Luk. 18:19; Joh. 5:30; 14:10,28,
5) Die Seun wys uit dat VADER in die hemele is terwyl Hy op die aarde is. Matt.12:50; 19:17; 23:1,9; Joh. 17:11; 20:17
6) Deur die Seun genees die VADER Matt. 9:2-8.
7) VADER en Seun as Aparte Wesens aangespreek: Ps.110:1,4; Matt.11:27; Mark.14:61,62; 15: 39; Joh. 1:1; 14:1-9; 16:15; 17:3; 17:1-3; Hand. 2:4; 3:13,24,26; 1 Pet. 1:1-3; 2 Joh. 3,9; Open.20:6; 22:3
8) Die Seun ontvang die Koninkryk by VADER: Dan.2:44; 7:13,14; Amos.9:11,12; Hand.1:6,7; Open. 22:3
9) Die Seun ontvang 'n erfdeel by VADER: Deut.9:26,29; 32:9; 1Sam.101; 2Sam.20:19; 1Kon.8:51,53; Ps.28:9; 33:12; 78:71; 94:5,14; Jes.47:6; Mig.7:18; Matt.21:38; Mark.12:7; Luk.20:14
10) Die Seun is deur VADER opgewek: Hand.2:24,32; 3:15; 4:10; 5:29-32
11) Die Seun sit aan die regterhand van ons VADER: Matt. 20:23; 26:64; Hand.7:55,56; 1 Pet. 3:22; Open. 22:3 sekuriteit
12) Die Seun kom en gaan na VADER: Joh. 3:13; 6:62; 8:42; 10:26; 16:15; 17:18.

Die uitwysing na VADER se Seun in Jes.42:1 en wat Hy moes kom doen het. Matt.18-20; 14:22-33; 16:16; Mark.1:1,11; 3:35; Hand.4:27,30.
Aanbid deur dié Seun die VADER – Matt.6:9; 7:11; Joh. 14:12-16; 10:23-26; *1Joh.4:2 Hand.8:12;* Deut. 7:9; Joh.13:3; Ex 33:11,20; Gen. 19:24; Ex 12:23
Wat baie belangrik is, as jou antwoord (deur eksegese) dié Seun en VADER bo uitwys 'as twee aparte Wesens' dan is jy met "HULLE" een – Joh. 5:26; 10:38; 14:10,11,23; 17:11,21,23; 1Joh. 2:24.

Ons gaan nou na Henog kyk waar hy reeds die "Seun" as die Uitverkore Een van VADER ontmoet het:

Henog 45:

1. Hierdie is die tweede gelykenis rakende die wat die name van die woonplekke van die Aparte ontken, en ook die Heerser van die geeste.
2. Hulle sal nie opvaar nie, en op die aarde sal hulle nie kom nie: so sal die lot van die wetteloses wees wat die Naam van die Heerser van die geeste ontken het, en hulle is dan bewaar vir die dag van lyding en verdrukking.
3. Daardie dag sal My Uitverkore Een op die Troon van Glansrykheid sit, en Hy sal hulle werke toets en hulle plekke van rus sal ontelbaar wees. Hulle siele sal versterk word wanneer hulle My Uitverkore Een sien, en wanneer hulle die Naam van My Reinheid en My Glansrykheid aanroep {*Open. 3:21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My VADER op SY troon gaan sit het*}.
4. Dan sal Ek My Uitverkore Een tussen hulle laat woon, en Ek sal die hemele verander en Hom 'n ewige Seën en Lig maak.
5. Ek sal die aarde verander en haar 'n ewige seën maak en Ek sal My uitverkorenes op haar laat woon: Maar die oortreders en boosdoeners sal nie hulle voete op haar sit nie.
6. Want Ek het My regverdiges voorsien van en tevrede gestel met vrede en hulle voor My laat woon. Maar vir die oortreders is daar 'n wagtende oordeel by My, sodat Ek hulle van die aarde af sal vernietig.

Henog 46:

1. En daar het ek Een gesien wat 'n Maghebber van Dae was, en Sy hare was so wit soos wol en met Hom was 'n ander Wese, en Hy het die voorkoms soos die van 'n Adam besit; Sy gesig was gevul met medelye, net soos die van die boodskappers van Reinheid

{*Dan 7:13,14 Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.:14 En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie}.*

2. Ek het aan die boodskappers wat saam met my was en wat al die geheime dinge aan my gewys het, gevra wie daardie Seun van Adam is, en waar-vandaan Hy kom, en waarom Hy tesame met die Maghebber van dae is ?
3. Hy het geantwoord en aan my gesê: Hierdie is die Seun van Adam wat geregtigheid besit, by wie geregtigheid inwoon en wat al die skatte openbaar van haar geheim gehou is. Omdat die Heerser van die geeste Hom verkies het en wie Lot voorrang by die Heerser van die geeste geniet weens Sy opregtheid, vir ewig.
4. Die Seun van Adam wat jy gesien het, sal die konings en die magtiges van hulle rusplekke af opjaag, en die sterkes van hulle trone. Hy sal die leisels van die sterkes slap maak en die tande van die wetteloses breek.....

Henog. 47:

1. In daardie dae sal die gebed van die opregtes omhoog styg, en die opregtes se bloed van die aarde tot voor die Heerser van die geeste.
2. In daardie dae sal die reines wat in die hemele woon, met een stem verenig en smeek en bid en prys, en hulle sal dank gee en die Naam van die Heerser van die geeste seën namens die opregtes se bloed wat verspil is.
2 b. Sodat die bloed van die regverdiges nie nodeloos voor die Heerser van die geeste sal wees nie, en die oordeel oor hulle kan kom, sodat hulle nie vir ewig sal moet ly nie {*Open. 6:9 En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van VADER en die getuienis wat hulle gehad het*}.
3. In daardie dae het ek die Maghebber van dae gesien toe Hy op die Troon van Sy Glansrykheid gaan sit het, en die boekrolle van die lewendes is voor Hom oopgemaak. Sy groot leërskare wat bo in die hemele is en Sy raadgewers het voor Hom gestaan {*Open. 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor VADER sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander Boek, die Boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke*}

4. En die harte van die reines was met vreugde gevul, want die getal van die regverdiges is bereik, die gebed van die regverdiges verhoor en die maat van die bloed van die regverdiges is geëis voor die Aangesig van die Heerser van die geeste {*Open. 6:10 En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o Reine en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?*}.

Henog. 48:

1. In daardie plek het ek die fontein van geregtigheid gesien wat onuitputlik is, en rondom hom was baie fonteine van wysheid; en almal wat dors was, het van hulle gedrink en is met wysheid gevul, Hul woonplek was by die regverdiges en die reines en die uitverkorenes.
2. In daardie uur is die Seun van Adam benoem voor die Aangesig van die Heerser van die geeste en is Sy Naam voor die maghebber van dae genoem.
3. Ja, voordat die son en die tekens geskep is, voordat die sterre van die hemele gemaak is, is Sy Naam genoem voor die Heerser van die geeste.
4. Hy sal 'n staf vir die regverdiges wees waarvan hulle hul kan anker, sodat hulle nie val nie, en Hy sal 'n Lig vir die nasies wees, en hoop vir die met 'n bekommerde hart {*Jes. 10:26. En VADER van die leërskare sal oor hom die gésel swaai soos Mídian verslaan is by die rots Oreb; en Sy staf sal wees oor die see, en Hy sal dit ophef op die manier van Egipte*}.....

Henog. 49:

1. Ja, wysheid word uitgestort soos water en vir ewig sal glansrykheid voor Hom nie te kort skiet nie.
2. Hy is magtig in al die geheime van regverdigheid, en die onregverdigheid sal soos 'n skaduwee verdwyn, en nie meer bestaan nie, want die Uitverkore Een sal voor die Heerser van die geeste staan, en Sy glansrykheid is vir ewig tot in ewigheid, en Sy Mag tot alle geslagte.
3. In Hom woon die gees van wysheid, die gees wat insig gee en die gees van kennis en mag, en ook die gees van die wat regverdige ontslaap het {*Jes. 11:1 Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; Jes. 11:2 en op Hom sal die Gees van ~~die HERE~~ VADER rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van ~~die HERE~~* VADER}.

4. Hy sal die geheime dinge beoordeel,en niemand sal ‘n leuenagtige woorde voor Hom spreek nie, want Hy is die Uitverkore Een voor die Heerser van die geeste volgens Sy suiwer wil.

Henog. 51:

1. In daardie dae sal die aarde teruggee wat daarin sy skoot is en die doderyk / Sjeol sal teruggee wat hy ontvang het, en die dood sal teruggee dit wat hy skuld, { *Open. 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke*}.
2. en Hy sal die regverdiges en reines tussen hulle uitkies, want die dag van hul redding het naby gekom.

3. Die Uitverkore Een sal in daardie dae op My Troon sit, en uit Sy Mond kom voort al die geheime van wysheid en raad, want die Heerser van die geeste het dit aan Hom gegee en het Hom verhoog.
4. In daardie dae sal berge huppel soos ramme en die heuwels sal bokspring soos lammers wat dik gedrink is. En die gesigte van al die boodskappers in die hemele sal glinster van vreugde.
5. Want in daardie dae sal die Uitverkore Een opstaan, en die aarde sal juig, en die regverdiges sal op haar woon, en die uitverkorenes sal op haar wandel *(Matt. 5:10 ~~Salig~~ Rein is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele).*

Joh 17:24 VADER, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My ~~heerlikheid~~ Lofwaardigheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.
Hiermee volstaan ek oor die vraagstuk oor VADER en Seun.

Mag VADER jou as leser aanraak.

Bedink dit